

## SARS WAARSKU OOK BEDRIEGLIKE TERUGBETALINGSLENTERS

**Tshwane, 8 December 2021** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is bewus van 'n aantal insidente waar bedrieglike of ongemagtige veranderinge aan belastingpraktisyne en/of belastingpligtiges se eFilingprofiële gemaak is met die doel om SARS en die betrokke belastingpligtiges te bedrieg.

Hierdie bedrieglike aktiwiteite word bedryf deur individue wat toegang werf tot eFilingprofiële deur uitvissery of ander onheilspellende slenters om 'n regmatige belastingpligtige se bankbesonderhede te verander om terugbetalings te herlei. Hierdie individue het ook bedrieglike belastingopgawes ingedien om terugbetalings te genereer.

SARS neem alle nodige stappe om sekuriteitsoortredings van ons inligtingstelsels te mitiger, en daar is geen bewyse dat die SARS-stelsels onderskep is nie - dit bly intendeel veilig.

Die afgelope week is heelwat veranderinge aangebring om die integriteit van die SARS-stelsels aan te vul. Die veranderinge sluit in 'n proses om belastingpraktisyne in kennis te stel wanneer hul toegang tot belastingpligtige/kliënte profiele verwijder word, asook 'n versterkte persoonlike inkomstebelasting- en eFiling-registrasieproses, onder andere. Dit is aangebring om dit moeilik te maak vir kriminele elemente om sensitiewe inligting te bekom en so bedrog te pleeg.

Om eFilingprofiële veilig te hou, word belastingpraktisyne aangemoedig om te verseker dat profielbesonderhede nie in hul praktyke of maatskappye gedeel word nie. Alle eFiling-gebruikerstoegang in praktyke of maatskappye moet gereeld hersien word, en waar vereis, moet werk nemertoegang weggeneem word, veral wanneer 'n werknemer die praktyk of maatskappy verlaat. Die publiek word aangemoedig om altyd versigtig te wees vir uitvissingslenters wat die deel van sensitiewe identiteitsbankbesonderhede vereis.

Insidente van bedrog of ongemagtige veranderinge van eFilingprofiële kan aan SARS se bedrog- en teenkorruksielyn gerapporteer word by 0800 00 2870. Belastingpligtiges en belastingpraktisyne word aangemoedig om nie sosiale media platforms, soos Facebook, te gebruik om sodanige insidente te rapporteer of sensitiewe inligting deur te gee nie.

SARS kommissaris Edward Kieswetter het 'n sterk boodskap gestuur aan bedrieërs wat betrokke is by kriminele bedrywighede om eerlike belastingpligtiges te bedrieg. Hy het gesê, "Laat niemand twyfel oor SARS se kapasiteit en vermoë om 'n harde slag toe te dien aan diegene wat aandring om aan kriminele aktiwiteite deel te neem nie. SARS, in samewerking met ander wetstoepassingsagentskappe, sal geen moeite

ontsien om hierdie kriminele op te spoor nie. Wees gewaarsku, hierdie is nie 'n leë dreigement nie."

Vir meer inligting, kontak [SARSmedia@sars.gov.za](mailto:SARSmedia@sars.gov.za).